

MORGENSTER NUUS EN VOORBIDDING April 2016 - JAN 2018

Liewe Voorbidders, Vriende en Ondersteuners (VVO, alias Henry)

Sedert my vorige nuusbrief in Maart 2016, het baie water in die see geloop en was ons lewens 'n paar keer "omgedop"! Net so majestieus en rotsvas as wat Voëlrots egter bly staan, so "Onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom" Ps 103 v 17 & 18

Ook het baie van u getrou aangehou ondersteun, belangstel en bid vir Zimbabwe, Morgenster en die RCZ kerk en daarvoor kom sê ek nou BAIE, BAIE DANKIE! Verskoon asb die lang stilswye – die nuusbrokkies en gebedsake hierin broei al vir 19 maande in my hart en in my kop!!

Om nie langer uit te stel nie, gaan ek egter baie opsommend nuus as sake vir danksegging én voorbidding neerskryf en in 'n paar aanhangsels meer info deurgee.

ZIMBABWE – GODDELIKE INGRYPE

Ja, die menslik onmoontlike HET gebeur!!! Die mense van Zimbabwe het aan die wêreld hul integriteit getoon - sonder geweld en lewensverlies of beskadiging van eiendom!!! Mense vra aan my wat Henry hiervan sou sê en my antwoord: "Hy sou versigtig optimisties wees!!"
Lees gerus: **We are all Zimbabweans (aangeheg)**

REFORMED CHURCH IN ZIMBABWE

Ds Charles Juro (Alg. Sekretaris) skryf: ": Although we all know about the recent political leadership change in Zimbabwe, the circumstances at grassroots level are still very challenging. …

The situation of the Church has not yet changed. We are still in a serious financial fix. Our members still cannot tithe nor pay Sunday offering since there is no cash. The issue of plastic money do es apply only to selected groups who are employed but those out of employment (and in the rural areas) can't enjoy the facility, hence the need for real cash remains paramount. Operations are challenged in a number of ways.

So far we have received less rainfall and indication to possibilities of severe drought are very high.

We need your prayers in the sustainability of the Church in this difficult environment

I am pleased to introduce to you the August 2016 - August 2018 Church leadership. Please pray for us as we work together to fulfill the Great Commission (Aangeheg: RCZ Moderatuur 2016 – 2018)

GESKIEDENIS! GESKIEDENIS! Eerste Dowe leraar in RCZ en in Zimbabwe!

Ordening en huwelik van Mary Chipoka nou Mev. Zenda op 23 September 2017 (reeds op 26 November 2016 gelegitimeer) Artikel hieroor aangeheg: (Mary Chipoka 2017)

GROOT TREK

Ek kon op 15 Oktober 2016 eers finaal van Morgenster vertrek. Ons dank die Heer vir 'n veilige aankoms in die Kaap (Durbanville) na slegs 4 dae (19 Okt)! Cecile en die 4 kinders asook my moeder (97) kon teen Desember 2016 by ons aansluit. Dus is woon ons nou 4 geslagte saam met 2 jarige Nuach (2) die enigste "man in die huis"! (aanhangsel: Familienuus)

Die Rutoros het in ons huis op Morgenster ingetrek. (Foto's hieronder) In my geestesoog sien ek hom sit by Henry se groot lessenaar wat ek vir hom, saam met ander meubels daar gelos het….. Dr Rutoro en sy vrou (ook DR Rutoro) het die afgelope jaar hul silwer bruilofgevier. Baie dankie weereens aan die KGA wat ingestaan het om die huis te verf (dis 16 jaar terug laas geverf toe ons daar ingetrek het). Die Musendekwa familie woon nou in die historiese huis van Ds AA Louw (stigter van Morgenster 1891):

MURRAY TEOLOGIESE KOLLEGE (MThC)



Dosente:

Op die foto langsaan verskyn eertydse kollegas vlnr: wyle Ds Henry Murray, Ds Muungani, Ds Aalt Visser en Dr Rutoro

Ds en Mev Muungani het einde 2016 afgetree na ongeveer 30 jaar diens by die MThC. Hul help egter nog op deeltydse basis.

Ds Aalt en Anneke Visser

Met groot dankbaarheid, gemeng met weemoed in my hart, juig ons oor die Vissers wat weer vir 2 en n half jaar Henry se werk kom voortsit as dosent in Missiologie (die pos was vir 4 jaar, sedert Henry begin 2014 siek geword het, vakant!!

Aalt skryf: "Wij verwonderen ons dat de Heere God ons her verlangen in ons hart gegeven heeft om nog een paar jaar (2,5) tot mijn pensioen voor de RCZ/MThC te dienen. 28 november (2017) reizen wij naar Zimbabwe. Op onze website vindt je meer informative"

https://www.gzb.nl/zendingswerkers/aalt-en-anneke-visser/home?user_id=1014753

(Foto hierbo: Aalt Visser, Susan Murray en Anneke Visser, tydens besoek aan hulle in Nederland (Aug 2016)

Studente gelegitimeer:

2016 – 8 nuwe RCZ leraars

2017 – 10 nuwe RCZ leraars (4 reeds beroep)

Die studente het ook in Augustus 2016 en 2017 weer deelgeneem aan die jaarlikse Evangelisasie uitreik, hierdie keer in Mutoko. Een van die 4de jaars, Julius Mhakure, het 2017 in die huwelik getree met die dogter van wyle Ds Gurajena.

Dr Rutoro skryf oor die Kweekskool: "Here we are bre athing some economic challenges…. Kindly pray for us as we open school with challenges of water and electricity bills. ZESA threatens to switch off the line for us. We pray the Lord will intervene. We are negotiating for a payment plan for $289 per month if we are to keep lighting our College . …. We still have two outstanding students not yet back in College since we opened. 2016 fees outstanding $1 080.00 food allowance for 2016 $3120.00. Then for 2017 fees arreas $720.00 and food allowance $6240.00 put together is $ 11 180.00. This give one sleepless night thinking one can assist in this regard with our situation economically. Your prayers are really valued"

Dis tekenend van die oorlewingstryd wat elke opvoedingsinstansie in Zimbabwe daagliks stry!

HENRY MURRAY GEDENKFONDS

Hierdie fonds het in 2008 totstand gekom onder Henry se inisiatief as die Morgenster Noodfonds en word deur die Weskaapse Komissie vir Getuienisaksie, administreer. Na sy dood op 29 Aug 2014, is die naam verander om hom te gedenk. Oor die jare is onder andere baie noodlydendes, weduwees en weeskinders en studente hierdeur gehelp met skoolfooie, kospakkies, klere, skryfbehoeftes, ens. Die suksesverhale van hulpbehoewende kinders is 'n wonderlike getuienis en ek droom oor n beursfonds vir verdere studies nà O-vlak. Bogenoemde hulp het 'n paar jaar gelede te groot en tydrowend geword vir ons om individueel te hanteer. Dit was dan ook Henry se inisiatief om Morgenster Kerkraad te nader om die projek oor te neem aangesien, in sy woorde, "die versorging van weduwees en wese mos die taak van die diakens en ouderlinge is". 'n Bekwame en entoesiastiese komitee van Morgenster RCZ kerkraad bestuur dit sedertdien as Diakonale projek op verantwoordelike en deursigtige wyse, onder leiding van Sam Matindike. Donasies word by die KGA inbetaal en dan oorgeplaas na die sendingrekening in Harare. Ek administreer steeds die fonds via internet en doen kwartaalliks oorplasings na die verskillende skole en projekte. . Aangeheg is hul jaarlikse verslae ter wille van deursigtingheid aan ons donateurs.

Met opregte waardering en seënbede

Laat ons leef as oorwinnaars:
Roepend tot Christus. Vir Christus, In Christus, Gedring deur die liefde van Christus!

Susan Murray
021 9759335
0760364538

IN MEMORIAM: Oud sendelingpersoneel en ondersteuners:

Johan Botha, Kommissie vir Getuienis en kleinneef van Henry

Oktober 2016 (serebrale malaria)

Johann Burger – kunstenaar en natuurliefhebber - CAVA en ander projekte in Zimbabwe – tragies deur krokodil doodgemaak Jan 2017

Jon Crews, Voormalige burgermeester van Cedar Falls en getroue ondersteuner van studiefooie vir Kweekskoolstudente, saam met sy vrou Prof. Dr Ronelle Langley, IOWA, VSA

April 2017 (Lewerkanker)

Adriaan van den Berg

"We received with sadness the passing on of our dear friend Adriaan van Berg. He left some footprints of his work to the whole of the Reformed Church in Zimbabwe, in particular at Murray Theological College. A lot of what he has done is feasible mostly when we experienced burglary at the College administration offices. He put a steel bar with a bible symbol. Whenever I open this screen he comes to my memories." Dr Rutoro, Junie 2017 (Hartaanval)

Ons eer hul nalatenskap en dank die Heer vir hul diensbaarheid in die Koninkryk en spesifiek in Zimbabwe!